God se Verskil
NGK Stilbaai

Gemeentenuus

20 September 2026

Hierdie week in die Gemeente

Spes. Deurkollekte: Instandhoudingsfonds

08:20	**Jeugdiens: Kerk** *Ds Francois Taljaard*
10:15	**Erediens: Kerk** *Ds Bertus Jordaan* **(Kanselruiling)**
10:15	**Erediens: Huis Stilbaai** *Ds. Willem Jacobs*
17:30	**Grief Share Kursus: Kerk**

Volgende Week

Spes. Deurkollekte: Huis Stilbaai

09:30	**Erediens: Jongensfontein** *Ds. Schalk Kotzé*
10:15	**Erediens: Kerk** *Ds. Mauritz Heyneman*
10:15	**Erediens: Huis Stilbaai** *Ds. Willem Jacobs*
17:30	**Grief Share Kursus: Kerk**

Spesiale Deurkollekte:

Hierdie week se Spesiale Deurkollekte word opgeneem vir ons **Instandhoudingsfonds**.

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit **SLEGS** per **EFT** of **KONTANT** betaal.

Merk asb. u bydrae:
"Instandhoudingsfonds"

AFKONDIGINGS

Indien dit vir u moeilik is om ons Gemeentenuus elektronies te lees of te ontvang, is u meer as welkom om weekliks 'n harde kopié by die Kerkkantoor te kom afhaal.
Die Gemeentenuus is reeds vanaf die ***Vrydag*** vóór die Sondag gereed vir afhaal.

PROGRAM VIR DIE WEEK

MAANDAG: 21 SEPTEMBER
17:00 Kooroefening by die kerk

WOENSDAG: 23 SEPTEMBER
10:00 Voorbidding by die kerk
17:30 Leef Logos Bybelskool by kerk

LIDMAATSKAP-SERTIFIKAAT

Die volgende lidmaat se lidmaatsertifikaat het na ons gemeente oorgekom:

Wilhelm Malherbe van Sterretjielaan 6 het oorgekom vanaf Riversdal-Wes gemeente.

Baie welkom!

BASAAR 2026

BRAAIVLEIS-ETE

VRYDAGAAND: 9 OKTOBER

Ons beplan om weer 'n heerlike Braaivleis-ete te hou as deel van ons Basaar.
Dit sal in die vorm van 'n wegneem-ete wees.

DIT WERK SO: U koop u kaartjie vir die basiese bord, wat bestaan uit Pap, Tamatiesmoor, Wors en 'n lekker vars Groenslaai @ **R60.00**. Dan kan u besluit om u bord aan te vul met heerlike gebraaide skaaptjoppies @ **R30.00** per tjop en ekstra wors @ **R15.00**. U kan dus self die grootte van u bord bepaal.

Skenkings soos Mieliemeel (Braaipap) en kontant sal baie welkom wees.

Kaartjies vir hierdie basiese bord is te koop by die Kerkkantoor.
Kom kry u kaartjie betyds!

Koördineerder: Ds. Francois Taljaard - Selno: 061 460 6404

BASAARGELD

Tydens ons Basaar van 10 Oktober 2026, gaan u nie meer met kontant by die tafels kan betaal nie. Spesiale "Basaargeld" gaan "gekoop" moet word. U kan u "Basaargeld" per kontant of kaart by die deur koop of, indien u nie in 'n ry wil staan nie, kan u dit vooraf by die Kerkkantoor kom koop.

By die vleistafel sal u met u kaart kan betaal.

BASAAR: 10 OKTOBER 2026

Brood & Beskuit

Ons benodig
lekker BRODE, BESKUIT, MOSBOLLETJIES,
of enige vorm van deeggebak vir hierdie tafel. U bydrae sal baie waardeer word.

Indien u enigsins bereid is om by te dra, kontak gerus die Sameroeper Okkie Butler by 082 9292 098

KINDERTAFEL

Hierdie tafel is gewoonlik elke kind se droom met al die lekker soetgoed!
Indien u voel om vir ons die volgende te skenk sal dit baie waardeer word:

Lekkers, Chippies, Fizzers, Suigstokkies, Fudge, Beskuitjie Fudge, Klapperys en enige lekkerny.

Ons soek ook asb, hulp by tafel die oggend van Basaar
Sameroeper: Vanessa Olivier
Selno: 082 300 8644

VLEISTAFEL

Hierdie tafel is 'n groot trekpleister by ons basaar, maar ons kort nog skenkings asb. van lewende hawe vir die Vleistafel. Indien u moontlik hiermee kan help kontak gerus:

Sameroeper:
Ds. Francois Taljaard
061 460 6404

TEETUIN

Wat is 'n Teetuin sonder lekker gebak?
Is u dalk lus om vir ons gebak soos 'n lekker koek, tert, soutgoedjies of enige iets wat saam met 'n lekker koppie koffie of tee geniet kan word, te maak?
Skakel asb.die:
Sameroeper:
Henriëtte Broeksma
082 955 8614

POEDING

Om die Poedingtafel te laat kreun onder die poedings het ons u hulp baie nodig. Indien u lus is om vir hierdie tafel te help poedings maak of bestanddele te skenk, kontak gerus:

Sameroeper:
Annelie van Lill by 082 320 3963

KERRIE & RYS

Ons benodig asb. die volgende bestannddele:
Rys, Uie, Aartappels, Kerriepoeier (Matig)

Sameroeper: Tersia Kluits
072 1599 298

GROOTKOEKTAFEL

Ons doen 'n beroep op die baksters om asb. hande te vat met die koördineerder van die ***Grootkoektafel.***

Indien u enigsins gebak kan voorsien, kontak gerus:
Sameroeper:
Erika de Klerk - 082 488 8623

KLEIN KOEKIES

AANDAG!! AANDAG!!
ALLE BAKSTERS!
Hierdie tafel benodig asb. klein koekies.
Indien u van enige hulp kan wees kontak asb:

Sameroeper:
Sumarie du Plessis
084 663 3675

VETKOEK

Hierdie tafel het nog baie hulp nodig soos met die bak van vetkoeke asook die voorbereiding van maalvleis. Skakel asb. vir die sameroeper indien u enigsins kan help.

Sameroeper:

Susan Doman
083 461 8115

PANNEKOEK

Die Pannekoektafel benodig nog bestanddele asb. soos:
Koekmeel,
Eiers, Sonneblomolie, Suiker

Sameroeper:

Tommie & Linda Rademan
083 726 0576

BASAAR: 10 OKTOBER 2026

Hierdie tafel is jaarliks 'n groot trekpleister vir die kinders en daarom vra ons asb. vir skenkings van klein items wat kinderharte bly sal maak. Ons vra ook vir netjiese gebruikte GESKENKSAKKE asb. Kom gee gerus af by die Kerkkantoor.

Kontak gerus die Sameroeper: Elsa Steyn by 082 410 4241

WIT OLIFANTTAFEL

Ons benodig ***DRINGEND*** items vir hierdie tafel en daarom doen ons 'n beroep op u om asb. enige bruikbare artikels wat in u pad is by die huis, vir ons na die Kerkkantoor toe te bring.
Ons sal baie graag weer 'n vol en interressante tafel wil uitpak!

Kontak gerus die Sameroeper vir meer besonder-hede: Elmien van der Nest by 083 235 2430

Baie dankie aan almal wat houers gegee het maar ons het nou genoeg gekry vir die Basaar!

"PLANTE / BLOMME"

Het u dalk 'n mooi plant, struik of blomme wat u vir die basaar wil skenk?
Ons vra ook asb. vir
Potplantgrond en Kompos
Kom gee gerus af by die Kerkkantoor.

Vir enige navrae oor die plante kontak gerus vir Julie van Deventer by 082 376 1213

BESTANDDELE BENODIG

Bestanddele is baie welkom en indien u voel om enige van onderstaande bestanddele vir die Basaar te skenk kan u dit asseblief by die Kerkkantoor kom afgee.

- Koekmeelblom
- Bruismeel
- Eiers (Begin Oktober)
- Margarine (80% vet)
- Botter
- Bakpoeier
- Versiersuiker
- Suiker
- Sonneblom Olie (Verkieslik nie Canola)
- Kakao
- Kondensmelk
- Caramel Treat
- Ideal Milk
- Jellies
- Vla
- Mayonaise
- Rys
- Kerrie Raja Medium
- Borrie
- Aartappels (Begin Oktober)
- Uie (Begin Oktober)

Hierdie lys sal elke week aangepas word soos ons die bestanddele ontvang. Baie dankie vir u bydrae!

SAKE UIT KERKRAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP 8 SEPTEMBER 2026

Verstryking van Voorsitterskap
Deona Aucamp se dienstermyn as voorsitter van die bediening vir aanbidding verstryk. Sy het aangedui dat sy nie wil aangaan as voorsitter nie. Haar besluit word aanvaar.

Verkiesing as Voorsitter
Die kerkraad keur goed dat Daniël Matthee verkies word as die nuwe voorsitter vir die bediening vir aanbidding.

Bedanking as Voorsitter
Die bedanking van André Mathee as voorsitter vir die bediening vir getuienis en diens, word aanvaar.
Die bedanking van Dalena Maree as Streeksouderling van Rivierstreek, word aanvaar.

Verkiesing as Streeksleier
Die verkiesing van Henk Louwrens as Streeksouderling van Rivierstreek, word aanvaar.

Bedanking as Wyksleier
Zandra Swanepoel - Palinggat 08 & 09

Verkiesing as Wyksleiers
Annali van Schalkwyk - Rivierstreek: Palinggat 08 & 09
Elsona Matthee - Suidseestreek: Fynbos 14, 17 - 19
Melinda Smith - Suidseestreek: Fynbos 05, 07 - 09

Verkiesing as Onder-Voorsitter van die Kerkraad
Peet Vosloo is verkies as onder-voorsitter van die kerkraad.

Oorgaan van lidmate na ander kerkverband
Hendrik Albertus Hill en sy eggenote, Magrietha Wilhelmina Jacoba Liebenberg (nou Hill) het oorgegaan na die Gereformeerde kerk.

Oorgekom vanaf ander kerkverband
Rhelda Fourie (nou Gouws) se lidmaatskap het vanaf die Metodiste kerk na ons oorgekom.

Leraars Besonderhede:

Ds Francois Taljaard, tel. 061) 460-6404 (Kloof & Platbos)
Ds Vian Louw, tel. 074) 131-7967 (Almal 50 jaar & jonger)
Ds Mauritz Heyneman, tel. 071) 159-9525 (Suidsee & Oewer (Stilbaai Oos en Plase Oos))
Ds Schalk Kotzé, tel. 083) 655-7930 (Hawe & Jftn)
Prop. Deona Aucamp, tel. 082) 470-8144 (Brug & Rivier)

Kerkkantoor Inligting
Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674
Posbus 23, Stilbaai, 6674
Tel nr. (028) 754-1705
Epos: lydiaheyns@ngkstilbaai.co.za
admin@ngkstilbaai.co.za

Bank Besonderhede
Nedbank
Rek. Naam:
N.G. Kerk Stilbaai
Rek. Nr. 1626-522-391
Takkode: 198-765

Indien u van adres of persoonlike inligting verander het, kontak asb. die Kerkkantoor sodat ons u inligting kan opdateer.